Prediker: Gerhard vd Merwe 03 Mei 2026

**Skriflesing: Matteus 6:19-24 Skatte.**

As ek die dag rerig tyd het, doen ek iets wat vir my baie plesier gee... Ek gaan stap deur n pandjieswinkel. Ek weet nou al watter winkel hou watter goed aan. Alles wat daar in is, was op n tyd so waardevol, dat iemand bereid was om geld daarvoor te betaal. Ek weet nie of jy ook so n vertrek het nie, dis daardie vertrek wat as jy besluit het dat jy iets nie meer nodig het nie, dan kom dit in daardie vertrek of kas... vir ingeval jy dit dalk eendag mag nodig kry. Wanneer daardie vertrek vol word, irriteer dit jou so baie, dat jy eendag besluit... tot hier toe en nie verder nie... en dan word dit weer deurgewerk, en daardie dinge waarvan jy afskeid geneem het, word dan in n voertuig gelaai en weg gery... waar iemand dit dalk mag gebruik.

Daar is n gesprek wat ons n rukkie terug in die huis gehad het met ons kinders... As ons die dag nie meer daar is nie, wat van ons kosbare goed, sal julle graag wil he? Die antwoord was skokkend. NIKS. RERIG, pa! Goed wat vir my kosbaar is, beteken niks vir ander nie. Al wat tussen my skatte en die pandjieswinkel staan, is tyd. Maar ek wet jou dat iewers het iemand gese... As sy kinders daardie goed gaan weggooi, sal ek dit met graagte oorneem. Ons is mense wat skatte bymekaar maak. Dis in ons gene. N Skat is daardie dinge wat ons hou, omdat ons waarde aan dit heg. Kyk na kinders se bersie wat al opgesleep is deur die huis en die tuin... waardevol en kosbaar. En die pop se oog is al uit en die arm val die heel tyd uit en moet terug gedruk word, maar sonder daardie pop, word slaaptyd n nagmerrie.

Sommige mense dink dat om n christen te wees mag jy geen skatte hier op aarde he nie, maar dis nie wat Jesus se nie. Hy se... Moenie die verkeerde dinge as skatte bymekaar maak nie. Moenie jou hart verbind aan dinge wat op die aarde tot niet sal gaan nie. Dit behoort nie jou prioriteit te wees nie. Met tyd gaan roes dit laat vergaan.

Maar jy, as mens, is heeltemaal anders. Jy sal nooit vergaan nie. Jy sal nooit op die ashoop beland nie. Die kosbaarste dinge kan nie met die oog gesien word nie. Die goed op aarde is plasties en metaal en elektronika... dit het net waarde omdat jy daaraan waarde heg. Op sigself, is dit waardeloos. Jy is n versamelaar van skatte- so deur God bepaal. Dis ingebore. En daarom moet ons n strategie he. Na manier hoe ons oor dit dink en dit bestuur.

In Jesus se gedagtes is daar twee plekke om te investeer, op aarde of in die hemel. As jy investeer in dinge op aarde, gaan jy verloor, maar as jy investeer in die dinge van die ewige koninkryk, gaan dit rente op rente dra. Jou belegging sal bly groei. Dis n gedagte wat al baie ouer is as Jesus se tyd op aarde... Jy moet die Here jou God lief he met jou hele hart, jou hele siel en al jou kragte. Plaas God eerste in alles, en jy sal die ewige lewe as erfenis ontvang. Kom leef in God se koninkryk, en jy sal nooit spyt wees nie. Spandeer jou tyd in die wereldse koninkryk, en jy het n swak belegging.

Gee jou liefde vir God, aanbid Hom, verheerlik Hom, dink oor Hom as jy opstaan en as jy gaan le, bere Sy woorde in jou hart soos Maria, dank Hom vir alles, gee jouself oor aan Hom. Jy kan nie God te veel liefhe, aanbid en dank nie. Jy kan nooit die waarde van God in jou lewe bepaal nie. Dis te groot om te bereken.

Hierdie voorbeeld wat John Ortberg aanhaal het vir my baie sin gemaak. Veronderstel jy is op reis en jy moet inboek in n Formule een hotel. Jy is nie gek oor die dekor nie, so jy besluit om na die meubel winkel af in die straat te stap. Jy koop n 85 duim TV, n Italiaanse koffie masjien, n duur matras en n gesogte skildery vir die muur. Het jy al ooit gehoor van iemand wat sy hotel kamer

dekoreer?  Noiot! Hoekom nie?  Want oor n dag of twee, is jy nie meer daar nie.  Hoekom sal jy groot bedrae geld investeer in iets as jy nie meer lank daar gaan wees nie?!  Sien jy waarheen ek op pad is?  Moenie op aarde vir jou skatte bymekaar maak waar motte en roes dit kan vernietig nie.

Jesus se dat die oog is lamp van die liggaam.  En die idee is dat jy as mens die waarde van dinge moet kan raak sien.  Gierigheid, n verbruikersmetaliteit, n honger na nog goed, n onwilligheid om met n oop hand te kyk na n situasie, maak my oog kyk na aardse koninkryks dinge.  In plaas van om te sien wat ek reeds het, kyk so n oog na wat ek nie het nie, en word wat andere het my mikpunt.  Dis die donker hongerte wat die wereld in almal van ons skep.

Ek en jy stap elke dag deur hierdie wereld vol van dinge wat God groot waarde aan heg… mense.  Mense van hierdie koninkryk gebruik mense tot hul eie voordeel.  Gee vir my , stem vir my, koop by my, vermaak my, help my, maar God heg waarde aan mense en beskou elkeen van ons as sy kosbare skat.  EK en jy is gemaak na die beeld van God.  Elkeen van ons is n kosbare skat in Sy oe.  Jy weet hoe jy graag vir iemand kosbaar wil wees.  En dit is nie beperk tot getroude mense nie.  Almal wil lief gehe word.  Oud en jonk, wit, swart of bruin.  Elkeen.  En God het ons so lief…

Jesus…  Waar jou skat is, daar sal jou hart ook wees.  En dis waar van God ook.  As ek en jy sy skat is hier op aarde, dan kan ons verseker weet dat Sy hart ook hier by ons is.  Beskikbaar, naby.

Terwyl ek in die laerskool was, het ons in die Sondagskool n lied geleer…  Want so lief het God die wereld gehad,  dat Hy Sy enige gebore Seun gegee het, gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie, maar die ewige lewe sal beerwe.  Ken jy nog die gedeelte wat ons saam met dit gesing het?  Ken Hom in al jou wee, ken Hom in al jou wee, dan sal jy paaie gelyk maak, gelyk maak, gelyk maak.  Ken Hom in al jou wee.

Wat ag jy as kosbaar in jou huis?

Wat sal tipiese dinge wees wat mense in die wereldse koninkryk as skatte sal ag.

Wat is die dinge wat in God se koninkryk as skatte geag word.

Here, dankie dat ek kosbaar is in God se oe en vir die prys wat U betaal het om my U eiendom te maak.  Maak my oe oop om dinge wat God as kosbaar sien, vanuit Sy oe te sien.  Leer my om waarde in die regte lig te sien.  Amen.